

## IS DIE GELOFTE OP 7 OF 9 DESEMBER AFGELÊ?\*

Na jare se gesoek het dit my eindelik geluk om 'n kopie van Jan Bantjes se dagverhaal, soos uitgegee deur Gustav Preller in opdrag van die Algemene Dingaansdagkommissie,<sup>1</sup> ter insae te kry. Hierdie eksemplaar is deur prof. C. J. Uys aan mnr. L. J. Spies geskenk, waarin baie waardevolle aantekeninge deur prof. Uys aangebring is.<sup>2</sup>

Dit is verbasend dat Preller beweer dat Bantjes die opsteller was van die Piet Retief-Dingaans-traktaat. Hy was nie by die ondertekening daarvan teenwoordig nie, anders sou hy saam met Piet Retief en sy volgelinge vermoor gewees het.<sup>3</sup> Dis meer waarskynlik dat die kopie waarna Preller verwys deur Bantjes gemaak is na die Wenkommando die traktaat by Retief se gebeente gekry het.

Laat ons nou eers Bantjes self beskryf. Ons lees vir die eerste keer van Bantjes in eerw. Erasmus Smit se dagboek (*Voortrekker mense II*, p. 79): „De hr. De Klerk heeft 'n bruine jonkman met zich medegebracht; en daar deze enige talenten heeft, verzocht ik hem in de kerk voor te lezen en te zingen. Hij voldeed mij zeer wel. Zijn naam is Jan Bantjes; maar hij heeft zich binnen kort zelf aan deze dienst onttrokken en hij vond veel schrijfwerk bij de heren in dit Leger”. De Klerk het die 30ste Desember 1836 in die laer aangekom met 'n perdewa van Beaufort-Wes af. Preller sê Bantjes het na die anneksasie van Natal na die Transvaal gegaan. Prof. Uys sê hy is in Januarie 1840 na die Kaapkolonie terug en het voorleser geword in die kerk op Humansdorp en ook onderwys gegee. In 1865 het hy na Potchefstroom verhuis waar hy op 10.3.1887 oorlede is. (Sien *Die Brandwag*, 14.12.56).<sup>4</sup>

\* Soos algemeen bekend het oud-senator A. T. Spies, skrywer van hierdie artikel, naas sy bedrywighede op politieke terrein, 'n volgehoue belangstelling vir die geskiedenis, meer in besonder vir die Voortrekker-geskiedenis in Natal. As een van die laaste nog lewende persone wat persoonlik Voortrekkers uitgeva het in verband met die geskiedenis om die Bloedrivierslag, is sy mededelings seker nie van belang ontbloot nie en *Historia* stel dit op prys om dit hier te publiseer.

Die stuk is voorsien van voetnote deur prof. F. J. du T. Spies van die Universiteit van Pretoria; dit dien slegs as toeligting; geen eie mening word daarin uitgespreek nie.

Ons het ook die vryheid geneem om die artikel aan professor C. J. Uys, hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir sy kommentaar voor te lê omdat daar telkens na hom in die stuk verwys word. Sy antwoord word ook hierby gepubliseer. By enkele voetnote het prof. Uys ook nog iets bygevoeg.

1. *Hoe ons aan Dingaansdag kom* (Jan Bantjes se Dagverhaal van die Winkommando) met inleiding en aantekeninge van Gustav S. Preller, Bloemfontein, 1928. Dit is later onveranderd opgeneem in *Voortrekker-mense* deel VI.
2. Hieronder sal telkens in voetnote die opmerkings van prof. Uys in genoemde eksemplaar van Bantjes se Dagverhaal aangehaal word. Hiermee word natuurlik nie voorgegee dat prof. Uys met die gevolgtrekkings van die skrywer ooreenstem nie.
3. Vgl. inleiding tot Preller se uitgawe van Bantjes se *Dagverhaal* pp. 3-4. Prof. Uys teken aan by hierdie bewering in die laaste eksemplaar die woorde, „onwaar” — d.w.s. dat Bantjes die grondskenking van Dingaans opgestel het soos Preller beweer.
4. Hier word verwys na 'n artikel deur prof. C. J. Uys in *Die Brandwag* van dié datum. Prof. Uys teken die volgende aan teenoor bogemelde bewering van Preller in genoemde eksemplaar van Bantjes se *Dagverhaal*: „In Jan 1840 is hy (Bantjes) terug na die Kaapkolonie en het voorleser in die kerk te Humansdorp en onderwyser aldaar geword. In 1865 het hy na Potchefstroom verhuis waar hy op 10.3.1887 oorlede is”. Vgl. ook 'n artikel van prof. Uys in *Historia*, derde jaargang, nr. 2, p. 97 e.v.: *Danskraal of Waschbankspruit*.

Bantjes het as skrywer met die Wenkommando saamgegaan. In sy dagboek sê hy: „Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzichtig bestier zoude plaats hebben om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, aan te teekenen”.<sup>5</sup> Volgens sy joernaal het hy homself aangestel as skrywer en was dus nie Pretorius se sekretaris nie.

Wat betref die joernaal, dink ek dat Bantjes nie elke dag aantekeninge gemaak het nie, maar alles geskryf het na die kommando weer in die laers terug was.

Bantjes se bewering dat daar geloot is oor wie hoofkommandant sou wees en dat Pretorius die loting gewen het, is onaanneemlik.<sup>6</sup> Hy is gekies. Het hulle dan nie Pretorius uit Kaapland laat roep om te kom help nie?

Alreeds die eerste aand, 28 Desember, in die laer by die Groot Tugela, vertel Bantjes hoe die laer met die hekke toegetrek is met die vee binne-in en dan van die offisiere se vergadering die aand in die hoofkommandant se tent. Onder die offisiere noem hy kommandant Karel Pieter Landman,<sup>7</sup> terwyl Landman egter eers die 3de Desember met sy mense by die groot laer aangekom het.<sup>8</sup> Op 6 Desember skryf Bantjes: „De Hoofd-Kommandant gaf ook order, om het leger dadelijk na zijn vertrek, met doorntakken te verzekeren”. Dit is volgens hom by Modderspruit. Tereg sê prof. Uys: „Daar is geen dorings nie”.<sup>9</sup> Aan die einde van wat Bantjes onder 7 Desember meedeel, skryf hy verder. „Er werd dan besloten, om zonder eenig verzuim op te trekken naar Dingaans kraal”.<sup>10</sup> Later egter, by Buffelsrivier, is volgens hom, drie dae nie getrek nie.<sup>11</sup> Ek kom later hierop terug.

Op die 8ste het hulle tussen Modderspruit en Sondagsrivier twee sulke riviere gepasseer.<sup>12</sup> Tussen Modderspruit en Sondagsrivier is nie eers twee droë slote nie, wat staan nog twee riviere. Volgens Bantjes het hulle die

5. Bantjes pp. 5-6; *Voortrekker-mense* VI, p. 40.
6. Bantjes: „De aanstelling van gem. Heer Pretorius tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen de welke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel”. (*Dagverhaal* p. 5 en *Voortrekker-mense* VI, p. 39).
7. Bantjes p. 6; *Voortrekker-mense* VI, p. 41.
8. Bantjes: „Het Leger onderwijl voorttrekkende was men verblyd, het lang verwachte gezelschap van den Kommandant Landman te zien aankomen”. *Dagverhaal* p. 7. Prof. Uys vestig die aandag op die ongerymdheid in die betrokke eksemplaar deur by p. 6 te skryf: „Karel Landman toe nog nie teenwoordig nie” en op p. 7 „Landman nou eers aangekom”. Hierteenoer moet egter gemeld word dat prof. Uys in bogenoemde artikel van hom (*Historia*, 3e jaargang nr. 2, p. 102) daarop gewys het dat hier slegs sprake is van die „gezelschap” van Landman.
9. Hierdie woorde skryf prof. Uys teenoor die aangehaalde sinsnede van Bantjes op p. 11 van die betrokke eksemplaar. (Die doringhekke is reeds langs die Tugela gemaak — prof. Uys.)
10. Bantjes, p. 7; *Voortrekker-mense* VI, p. 44.
11. Bantjes, pp. 14-15; *Voortrekker-mense* VI, pp. 60-61.
12. Bantjes: „Wy vervolgdten des anderen daags, zynde den 8e der maand, onze onder-neming, trokken voort in een open vlakken veld, tot wy kwamen aan de Zondags-rivier. Wy hadden intusschen nog twee andere soortgelyke rivieren gepasseerd”. (*Dagverhaal* p. 12; *Voortrekker-mense* VI, p. 53). (Hy voeg egter by dat die „rivieren . . . niet loopende waaren” — prof. Uys.)

8ste tot aan die Blyerivier, dit is Waschbankrivier, getrek. Volgens Isak de Jager en al die ander het hulle die 8ste by Sondagsrivier gekampeer en daar Sondag, die 9de, oorgebly. Ek sal later Isak de Jager se vertelling gee.

Volgens Bantjes is die gelofte op Sondag, die 9de, by Waschbank in die Hoofkommandant se tent afgelê.<sup>13</sup> 460 man kon onmoontlik in 'n tent vergader.

Die 10de, volgens Bantjes, het hulle by Biggarsgat die berg uitgetrek en die gras was so lank dat hulle dit eers moes afbrand.<sup>14</sup> Groen tamboekie-gras sal nie in Desember brand nie.<sup>15</sup> Hulle kampeer omtrent waar Glencoe is, volgens dr. Janse se kaart.<sup>16</sup> De Jager sê aan die Sandspruit.<sup>17</sup> Die 11de het hulle getrek en gekampeer aan „de overzyde van de Omzigatie” (Buffelsrivier).<sup>18</sup> Hulle kon onmoontlik so ver trek en nog dieselfde dag die waens deurswem om aan die *overzyde* te kom.<sup>19</sup> Die 12de het hulle daar oorgebly. Die Buffelsrivier was in vloed en dit het 'n hele dag geneem om die waens deur te swem. Hulle moes langs die osse swem en keer dat die osse nie onderkant die drif uitkom nie, want daar is die walle regaf. Dit is Kommandodrif.

Die 13de het hulle langs die rivier af getrek om nader aan hout te kom. Daar is geen bome om hout te verskaf nie. Die 14de het hulle daar gebly. Die 15de het hulle getrek „tot aan een spruit” en kampeer aldaar. Hier het rapporte ingekom van „Zoolas” (Zoeloes). Die laaste rapport „kwam Zaterdag den 15e Dec., toen wij juist aan eene *andere* spruit gelegerd waren”.<sup>20</sup> Dit moet nou die wal by Bloedrivier wees. Tussen Kommandodrif, by die Buffelsrivier en Bloedrivier, is geen spruit hoegenaamd nie. Ek het baie maal die ou pad aan mense gaan wys. Die sogenaamde dagboek het in Junie 1839 in die *Zuid-Afrikaan*, Kaapstad, verskyn.<sup>21</sup>

Ondervinding in die Tweede Vryheidsoorlog het my geleer dat jy baie mense kry wat twee dae na 'n geveg alles soos jy dit self gesien het, kan vertel, maar na 'n paar weke die storie baie anders vertel. Dit was waarskynlik die geval met Bantjes.

As ons die pad volg en vergelyk met Bantjes se dagboek, dan krioel

13. Bantjes: „Toen hierna de Godsdienst onderscheidelik begon, nam de Heer Cilliers dezelve in den tent van den Hoofd-Kommandant waar.” (*Dagverhaal* p. 13; *Voortrekker-mense* VI, p. 55).
14. Bantjes: „De anderen daags, zynde den 10e der maand, gingen wy weder voort; kruisden de rivier, en werden veel verhinderd, daar het gras zeer hoog in den weg stond en gevaarlyk was door het ryden; wy moesten het afbranden” (*Dagverhaal* p. 13; *Voortrekker-mense* VI, p. 56).
15. Prof. Uys teken hierby aan: „Onnatuurlik in reëntyd dat gras sal brand”. (Daar het destyds egter 'n droogte geheers, daarom was die „rivieren . . . niet loopende” en die fonteine slegs „zijveringen” volgens Bantjes — prof. Uys.)
16. E. G. Jansen, *Die Voortrekkers in Natal*, Kaapstad, 1938, pp. 57-58.
17. De Jager: „vandaar (Waschbank) tot Sandspruit (net oor Biggarsberg)” (*Voortrekker-mense* III, p. 113).
18. Bantjes p. 13 (*Voortrekker-mense* VI, p. 57.)
19. Hierby teken prof. Uys aan: „Werklikheid is: Dit het hulle byna 'n hele dag geneem om wa vir wa deur die rivier te swem”.
20. Bantjes, p. 15; *Voortrekker-mense* VI, p. 61.
21. Dit volgens 'n verbetering wat prof. Uys by die voorwoord van Preller (p. 1) gemaak het in die meergenoemde eksemplaar van die *Dagverhaal* van Bantjes. Preller stel dit op „Jan. 1839”.

dit van foute soos ek reeds aangetoon het. Van Modderspruit tot by Waschbank is tussen 24 en 30 myl en dit kon die waens alleen aflê as hulle voor sonop begin het. ('n Ossewa lê drie myl per uur af). Die Kommando het nooit so vroeg getrek nie; hulle het eers hulle spioene uitgestuur want hulle baie moeg. Voor sonder moes die laer weer getrek word en die uur in die juk moet osse vir minstens een uur uitgespan word, anders word hulle baie moeg. Voor sonder moes die laer weer getrek word en die hekke toegemaak word; die laer kon dus onmoontlik 24 of meer myl ver trek op een dag. Ons ondervinding op kommando was: as 100 burgers te perd twee-twee agtermekaar trek en die voorste twee ry altyd op 'n stap, dan moet die agterstes kort-kort op 'n galop ry om by te bly en ek neem aan dat dit ook met ossewaens die geval is. Die agterste waens kan nie op 'n galop ry nie, dus moet die voorste waens stilhou en wag.

Dat die hoofkommandant 'n tent had wat natuurlik elke aand opgeslaan is, betwyfel ek baie sterk. Die laer het gedien as kraal vir die minstens 600 osse en 460 perde en niemand sal 'n tent in 'n beeskraal opslaan nie. Al die burgers het in en onder die waens geslaap. Isak de Jager se verklaring is deur my vir Preller gekry.<sup>22</sup> Ongelukkig het die oorspronklike verlore gegaan. Dit is nie by die Preller-papiere in die argief nie. Ek het met opset De Jager uitgevra omdat ek gevind het dat die man 'n verbasende geheue het. Hy het die dae wat hulle getrek het en die plekke waar hulle kampeer het, so duidelik en konstant genoem dat ek nie aan sy vertelling twyfel nie. Ek oordeel volgens my eie ondervinding. Ons kommando tydens die Tweede Vryheidsoorlog, Wyk 7, Utrecht, was die eerste op die moordplek by Holkrans waar veldkornet Potgieter en sy 55 burgers op 2 Mei 1902 vermoor is en ek sal vandag nog wys waar die lyke gelê het, ens. Laat ons Isak de Jager se kampplekke volg.

Op 7 Desember is die gelofte te Danskraal afgelê. Die 8ste is getrek tot by Sondagsrivier. Sondag die 9de, is daar oorgebly; Maandag die 10de, getrek tot by Waschbank; Dinsdag die 11de, getrek tot by Steenkoolspruit (waar Dundee nou is); Woensdag die 12de, getrek tot naby die Buffelsrivier (dit is ook 'n lang afstand tot by die rivier). Donderdag die 13de, is hulle met veel gesukkel deur die rivier. (Hulle moes een vir een wa deurswem). Die 14de het hulle gerus.<sup>23</sup> Die 15de het hulle getrek na Bloedrivier en party waens was al deur die rivier toe Hans Dons rapporteer dat groot Kafferkommando's in aantog is en dat die laer getrek moet word. Die voorste waens moes terugkom en so is die laer getrek langs die historiese wal.<sup>24</sup> Dit is gedoen om die aanvallers te dwing om van een kant af aan te val. (Die wal moes enige stormloop stuit). Om die laer so naby as

22. Dit verskyn in *Voortrekker-mense III*, p. 111 e.v.

23. In werklikheid lui Isak de Jager se vertelling soos volg: „Van Danskraal af trek die kommando oor Biggarsberg, in die rigting van Doornberg — die eerste dag tot aan Elandslaagte; die tweede dag tot aan Waschbank; die derde vandaar tot Sandspruit (net oor Biggarsberg); die vierde vandaar tot Kommandodrif in Buffelsrivier (ten noorde van die teenswoordige Laffniedrif) en die vyfde dag — Saterdag — tot aan Bloedrivier, waar die volgende dag slag gelewer word”. (*Voortrekker-mense III*, pp. 113-114).

24. Volgens plaaslike spraakgebruik (Noord-Natal) beteken *wal* in hierdie sin eintlik 'n droë spoelsloot.

moontlik aan die wal te kry, moes die waens daar 'n reguit lyn vorm in plaas van 'n ronde soos die res. Vandaar dat De Jager praat van 'n halfmaan-vorm.<sup>25</sup> Dit gee vandag nog by baie mense die indruk dat daar geen waens op die wal se kant was nie. 'n Halwe maan is tog nie oop nie. Die mense verwar halwe maan met die oormerk by vee nl. halfmaantjies. As daar geen waens aan die walkant was nie, sou die osse mekaar die wal afgedruk het.

Op 'n volksfees in 1888, het van die ou mense wat in die geveg was, vertel dat Pretorius gedurende die geveg mense aan die walkant laat skiet het om die osse meer na die middel te laat beweeg omdat hy bang was dat die osse die waens sou omdruk. Dan, die ou mense moes geweet het van die vlak drif in die Bloedrivier kort onderkant die slagveld (deur jagtogte). Die kaffernaam was IsiBhuku saBafazi (Vrouedrif) (Die Zoeloeoorde beteken „spieël van die vrouens”—Red.). Die rivier het in 1917 deur gespoel sodat dit nou hoë walle het.

Bantjes skryf dat die gelofte die 9de by Waschbank bespreek is en: „de Heeren Cilliers, Landman en Joubert waren opgeruimd in het gemoed, om zulks te hooren.”<sup>26</sup> Dit lyk klinkklare onsin. Dit is wel bekend dat Pretorius al in die begin die saak met Cilliers en die kommandante bespreek het en ook met Landman sodra hy aangekom het.

Nou 'n ander vraag: Waarom sou hy wag totdat hy halfpad na Dingaanstad getrek het? Hy kon elke dag 'n aanval van die Zoeloes verwag. Dit is tog logies dat hy die gelofte so spoedig moontlik sou aflê. Al die ou mense sê dit is gedoen te Danskraal op die 7de en waarom moet ons al hulle verklarings verwerp en net Bantjes s'n aanneem omdat hy dit gou op skrif gestel het?

Ek het aangetoon dat sy beskrywing van die roete vol foute is en almal wat die terrein ken, sal met my saamstem. Dus kan hy net so verkeerd wees met sy datums. Al die ander vertel dat die gelofte na die 7de elke aand in die godsdiens herhaal is tot en met die 15de. Of miskien was hy so besig met die opstel van die burgerlyste dat hy by die aflê van die gelofte op die 7de nie teenwoordig was nie.

Nog iets oor die klip wat Pretorius begrawe het. Isak de Jager verklaar dat hy daarmee behulpsaam was. Dit is in die laerhek gedoen sodat die osse alle tekens van grawery moes toetrap. Hierdie verklaring moet in die besit van die Saamwerk-Unie wees. Preller het dit vir hulle gestuur.<sup>27</sup>

My laaste aanmerking is kort. Volgens dr. Jansen se sketskaart (in sy boek *Voortrekermense in Natal*) van die roete wat die Wenkommando gevolg het, is hulle die Buffelsrivier by Landmansdrif deur en het hulle toe afgetrek na Kommandodrif. Dit is foutief. Dit is onmoontlik om Bantjes se reisplan te volg, tensy jy oor die terrein gaan met 'n gids wat jou die plekke aanwys. Ek ken die terrein baie goed en kan daarom Bantjes se foute aantoon.

A. T. Spies.

25. *Voortrekermense III*, p. 114.

26. Bantjes, p. 12: *Voortrekermense VI*, p. 55.

27. Dit verskyn nie in die herinneringe van Isak de Jager wat Preller in *Voortrekermense* opgeneem het nie.

## PROFESSOR C. J. UYS SKRYF

Ek stem volkome saam met oom At Spies dat 'n „paar weke na die gebeure” baie mense dieselfde storie wat hulle kort na 'n veldslag korrek kon vertel, „baie anders vertel”. My jare van ondervinding op die regbank het my hiervan oortuig. Ook het bandopnames wat ek van bejaardes se herinneringe die afgelope jare gemaak het, hierdie gevolgtrekking gestaaf. Soms het ek met opset net 'n week later dieselfde „ou vader” se herinneringe heropgeneem omdat die eerste opname „nie goed uitgekom het nie” en gevind dat hulle selfs op kardinale punte uit twee monde gepraat het.

Aangesien oud-senator Spies ook hiervan bewus is, verbaas dit my des te meer dat hy sy hele betoog op die herinnering van Izak de Jager baseer wat sewentig jaar ná die gebeure dit laat boekstaaf het, en op Sarel Cilliers se beweerde *Journal* wat meer as dertig jaar na die Groot Trek „op sy sterfbed” geskryf sou gewees het. 'n Paar jaar voor sy dood het hy erken dat sy verstand „as bewolkt” is en dat hy nie meer kan onthou nie. (Sien my referaat in *Historia* jaargang III nr. 2 waarin ek op wyle oom Johannes Vermaak geantwoord het wat byna dieselfde argumente as oom At Spies gebruik het om Bantjes se betroubaarheid te ondermyn).

Cilliers se beweerde *Journal* is deur sy seun, jare ná die vader se dood, opgestel. Selfs die ou grysaard se van word daarin foutief met 'n „e” geskryf. En kan iemand aanvaar dat hierdie Godsman, wat namens die hoofkommandant Andries Pretorius, die gelofte afgelê het, sou gesê het dat as dit nie vir die sloot en seekoeigat was „dan denkt ik had God het niet verhoedt ingenomen door de Kaffirs . . .” te wees nie. (Hofstede *Geschiedenis van den Oranje-Vrystaat* p. 59 en Gerdener, *Sarel Cilliers* p. 123). Dis inderdaad 'n Gods laster. of kan 'n regdenkende mens aanvaar dat Cilliers die volgende koelbloedige leuen sou vertel: Toe die Wenkommando op die koppie kom (Kwa Mathiwane) waar Retief se manne vermoor is, het hulle nog daar gelê „met kleren aan hun ligchaam, nog geen gedierte of vogels hebben hun verteerd . . .”! (ibid. p. 61 en 125).

Dis tog bekende geskiedenis dat nog vóór die moordenaars van die moordtoneel vertrek het, het die aasvoëls al op die lyke toegesak en dat die martelaars se beendere bymekaar gekrap moes word om in een graf begrawe te word. (Vgl. Moodie: *Battles etc.* p. 427, die verklaring van 'n ooggetuie, William Wood).

Oom At aanvaar dat die Gelofte op 7 Desember afgelê is. Volgens sy hoofgetuie, Izak de Jager, het die Wenkommando vyf dae later te Bloedrivier arriveer waar „op die volgende dag slag gelewer word”. D.w.s. op die 13de Desember, wat tog bog is.

Ek sal nog 'n paar van sy „pruimpies” onderstreep. Hy beweer op p. 114 van Preller se *Voortrekker-mense* dl. III dat die laer by Bloedrivier halfmaan-vormig was (wat juis is), maar dat aan die slootkant „dit dus nie nodig was om ook 'n wa-muur te hê nie”. Op sy hoë ouderdom moes sy geheue, selfs wat sy beeskennis betref, hom in die steek gelaat het. Die osse sou met die eerste Zoeloe-aanval op die waens, mekaar hier by troppe

afgedruk het. Oom At se eie broer, oom Lodewyk Spies, 'n Erelid van die Geskiedenis-Navorsingsvereniging, is van mening dat so 'n stelling dwaasheid is.

Maar ek wil nog 'n „pruimpie” uit Izak de Jager se mond neem. By Retief se gebeente op Kwa Mathiwane het hy uit Retief se „lere saelsak by sy sael” 'n stukkie witseep gehaal. Dis oorbekend dat die saels by die hoofingang tot Dingaanstat gelaat is en dat die Zoeloes hulle gebruik het om die Boere se perde mee te ry. Maar de Jager sweer dat „dié sael het gelê nabij die beendere van die slagoffers”! Hoewel die beendere van die slagoffers dieselfde dag ter aarde bestel is, in teenwoordigheid van die kommando, was oom Izak „nie teenwoordig nie”.

'n Mens twyfel of die oubaas wel die Wenkommando vergesel het. Sy naam verskyn nie op die vendurool wat by Umgungundlovu gehou is nie, nog minder op die rol van burgers wat uit die opbrengs vergoed is. Hy erken dat hy die Beeskommando van Jan. 1840 nie vergesel het nie, maar gee tog lewendige beskrywings van wat plaasgevind het. Dat hy 'n sterk verbeeldingskrag besit het, staan soos 'n paal bo water. En op die woord van so 'n bron wil oom At Spies Bantjes se offisiële dagregister verwerp. Hy gaan selfs so ver as om te beweer dat Bantjes homself tot verslaggewer benoem het.

In sy *Journal*, p. 6 van „Hoe ons aan Dingaansdag kom” skryf Bantjes: „de Hoofd-Kommandant verzocht my, hem te assisteren met schryven”. Hy moes die kommando-regulasies opstel. Op p. 8 lees ons: „de Hoofd-Kommandant gaf my weder te schryven eene Ordonantie (sic) . . .” Na die Wenkommando se terugkeer aan die Tugela onderteken hy belangrike offisiële stukke as „klerk”. Selfs op 15 Februarie 1839 trek hy die munisipale regulasies vir die dorp Pietermaritzburg op. (vide Preller, *Voortrekkerwetgewing* pp. XVI-XVII).

Die derde bron waardeur oom At Spies verlei is, is wyle dr. E. G. Jansen se kaart van die Wenkommando se roete, soos gepubliseer op p. 58 van sy *Die Voortrekkers in Natal*. Nadat my artikel in *Historia*, waarna hierbo verwys is, onder sy aandag gekom het, het hy teenoor my erken dat hy 'n fout begaan het. Die Wenkommando het sowat vier myl suid van Ladysmith oor die Kliprivier gegaan en op 'n plek deur oom Lodewyk Spies uitgewys, 2½ myl regs van Pepworthstasie, op die 4de en 5de Desember 1838 laergetrek. Hier het hy 'n ysterpen ingedryf wat as blywende bewys sal dien om die plek aan te dui waar *besluit* is om 'n gelofte af te lê. Oom Lodewyk het, anders as sy broer, oom At, verkies om die woord van sy oupa Johannes Wilhelmus de Jager oor hierdie gebeurtenis te aanvaar. Hy was verseker op die Wenkommando want sy naam kom op die vendurool en die kommandolyste voor. Aangesien oom At dus die roete van die Beeskommando van 1840 beskryf, toe Mathiwane se volk op die plaas „Modderleegte” (tans Rietfontein nr. 1048) gedans het, spreek dit vanself dat sy beskrywing hemelsbreed van die van Bantjes sal verskil. Oom Lodewyk en 'n groep navorsers het Bantjes se roete tot by Kommandodrif gevolg en dit met 'n rolkamera afgeneem. Ons kon weinig of geen oogplopende foute vasstel.

Ek moet nog 'n laaste vergryp van Izak de Jager en Oom At aan die kaak stel. Hulle skyn onder die indruk te verkeer dat die „Danse Kraal” by

Ladysmith, die werklike lokaliteit is waar op 22 Januarie 1840 gedans is. Dit is beslis onjuis. Toe die kommando op „Modderleege” vasgereën het, het Mathiwane, wie se stat nie ver daarvandaan geleë is nie, met Andries Pretorius kom onderhandel en met 254 manne (volgens die Joernaalskrywer, Paul Zietsman) die laer besoek. Die Fransman Adulphe Delegorgue, ’n ooggetuie, praat van ongeveer 400 man en gee ’n lewendige beskrywing van hulle drag en dansery. (Vgl. Bird, J.: *Annals of Natal* dl. I, pp. 564 en 579).

In 1840 is ’n plaas aan Daniel Pieter Bezuidenhout toegeken, geleë aan Kliprivier. Hy was ook op die Beeskommando en toe hy versoek is om ’n naam vir die plaas op te gee, het hy oor die dansery gedink en versoek dat dit die naam „Danse Kraal” moet dra. As Sarel Cilliers dus aan sy kinders hierdie naam genoem het, het hy glad ’n ander plek in die geheue gehad. Hy is uit Natal na die Vrystaat vóór die plaas (die huidige Danse Kraal) gedoop is. (Vgl. Jansen, E. G.: op. cit. pp. 79 et seq.).

Die kapsie wat oom At Spies maak op Bantjes se uitlating dat op Sondag, 9 Desember 1838, Sarel Cilliers die geloftediens vanuit die hoofkommandant se tent waargeneem het, val weg in die lig van Paul Zietsman se inskrywing in sy joernaal op Sondag, 26 Januarie 1840: „Hede het ons weer tent opgeslaan en in groot getalle *binne en buitekant* saamgekom om die Almagtige te eer en te loof . . .” J. G. Vermaak het die diens waargeneem. (Bird, op. cit. p. 580). Dit is waarskynlik dieselfde tent waarin Cilliers op 9 Desember 1838 aan die Waschbankspruit die Groot Gelofte afgelê het. Bantjes het tog nie beweer dat *al* die manne in die tent was nie; moontlik net die offisiere en geestelike leiers.

Dan Bantjes se Joernaal ’n *offisiële* dokument was wat Pretorius self aan *De Zuid-Afrikaan* gestuur het, het ek reeds in my meergemelde artikel in *Historia* bespreek. Die redaksie kan gerus ’n kopie daarvan vir die waardige oud-Senator stuur. Ek verwelkom dit dat hy sy pen nog laat leef. Dié van sy ouer broer, oom Lodewyk, swyg noual ’n geruime tyd.

C. J. Uys.